



SÊ JOU SÊ!

VOORGESTELDE HANDELSGEBIEDE
VIR DIE BEDRYF VAN MOBIELE BESIGHEDE

Die Stad Kaapstad stel handelsgebiede vir mobiele besighede (MBTA's) regoor die stad voor waar mobiele besighede, soos koswaens, koffiesleepwaens, mobiele saunas en soortgelyke ondernemings, toegelaat mag word om sake te doen.

Ingevolge artikel 17 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000, word die publiek en belanghebbende en geraakte partye genooi om vanaf 15 Oktober 2026 tot 10 Desember 2026 kommentaar, aanbevelings of besware oor die voorgestelde handelsgebiede vir mobiele besighede in te dien.

Lede van die publiek en belanghebbende en geraakte partye word genooi om opedagssessies by te woon waar die konsep-handelsgebiede vir mobiele besighede en kaarte besigtig kan word:

Subraad	Datum	Plek	Adres	Tyd
SC 1	7 November 2026	Wesfleur- openbare biblioteek	Wesfleursirkel, Atlantis, 7349	09:00 – 15:30
	29 Oktober 2026	Leibrandt van Niekerk-saal, Table View	Southweg, Table View 7439	09:00 – 15:30
SC 2	29 Oktober 2026	Kraaifontein-raadsaal	Kraaifontein- munisipale gebou, Brightonweg 87, Kraaifontein, 7570	09:00 – 15:30
		Brackenfell-stadsaal	Paradysstraat, Brackenfell, 7560	
SC 3	29 Oktober 2026	Milnerton- openbare biblioteek	Pienaarweg 81, Milnerton, Kaapstad, 7435	09:00 – 15:30
SC 5	28 Oktober 2026	Delft-biblioteeksaal	Hoek van Voorbrug- en Hoofweg, Delft, 7100	09:00 – 15:30
SC 6	28 Oktober 2026	VRCID-vergaderlokaal	Parinweg 8, Parow Industria, 7499	09:00 – 15:30
SC 7	5 November 2026	Durbanville-stadsaal	Hoek van Hoofweg en Kerkstraat, Durbanville, 7551	09:00 – 15:30
	29 Oktober 2026	Bothasig- openbare biblioteek	Vryburgerlaan 132, Bothasig, Kaapstad, 7441	09:00 – 15:30
SC 8	28 Oktober 2026	Konferensiesaal van Harmony Park-oord	Hoek van Jan Bruin- en Gordonsbaaiweg, 7140	11:00 – 17:00
SC 11	28 Oktober 2026	Rylands-biblioteeksaal	Balu Parker-boulevard, Gatesville, 7764	09:00 – 15:30
SC 14	30 Oktober 2026	Blackheath-saal	Evergreen Drive, Austinville, 7580	11:00 – 17:00
SC 16	30 Oktober 2026	Subraadvergaderlokaal	Waalstraat 44, Kaapse middestad, 8001	11:00 – 17:00
SC 19	30 Oktober 2026	Kleinsaal, Vishoek-burgersentrum	Sentrale Sirkel 65B, uit Recreationweg, 7975	11:00 – 17:00
SC 20	30 Oktober 2026	Plumstead-instapsentrum	Kantoor vir openbare handel, hoek van Hoof- en Victoriaweg, 7800	11:00 – 17:00

Kommentaar, insette of aanbevelings kan voorgelê word per:

E-pos: public.trading@capetown.gov.za.
Webwerf: www.capetown.gov.za/haveyoursay
Hand: Jou plaaslike subraadskantoor

Die konsep-handelsgebiede vir mobiele besighede en gepaardgaande kaarte sal op die Stad se webwerf by www.capetown.gov.za/haveyoursay beskikbaar wees.

Belangstellingsverklaring

Operateurs van mobiele besighede wat belangstel om vanuit 'n voorgestelde handelsgebied vir mobiele besighede handel te dryf, word genooi om teen 10 Desember 2026 'n belangstellingsverklaring (EOI) in te dien.

Die EOI-proses sal gebruik word om die vraag te bepaal en handelsgeleenthede toe te ken. Aansoekers moet die handelsgebied(e) vir mobiele besighede aandui waar hulle wil werk. Waar die vraag die beskikbare geleenthede oorskry, kan die Stad 'n billike en deursigtige ewekansige keuringsproses (soortgelyk aan 'n lotery) toepas om geleenthede toe te ken.

Suksesvolle aansoekers moet aan alle permitvereistes en -voorwaardes voldoen voordat 'n permit vir 'n mobiele besigheid uitgereik kan word. Die indiening van 'n EOI is nie goedkeuring om handel te dryf nie.

Om 'n EOI in te dien of inligting oor permitvereistes aan te vra, stuur 'n e-pos aan:

E-pos: public.trading@capetown.gov.za

Vir meer inligting oor die voorgestelde handelsgebiede vir mobiele besighede, kontak:

Tel.: 021 400 7483
E-pos: public.trading@capetown.gov.za

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met gestremdhede en benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help. Kontak:

Andre Louw
Tel.: 021 400 9809
E-pos: Andre.Louw@capetown.gov.za

LUNGelo MBANDAZAYO
STADSBESTUURDER
CTA222/2026



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD